# LUG U MENING

### Uitnodiging om openbare voorleggings

### Wysigingswetsontwerp op Elektrisiteitsregulering [B 23B - 2023] a76

Die Gekose Komitee oor Grondhervorming, Omgewing, Minerale Hulpbronne en Energie nooi belangstellende persone en belanghebbendes uit om skriftelike kommentaar oor die Wysigingswetsontwerp op Elektrisiteitsregulering [B 23B - 2023] a76 in te dien.

Die wetsontwerp het ten doel om die Elektrisiteitsreguleringswet, 2006 te wysig om sekere omskrywings te skrap, te wysig en in te voeg; om voorsiening te maak vir die toepassing van die wet; om voorsiening te maak vir die Nasionale Energiereguleerder om aansoeke om lisensies en die uitreiking van lisensies te oorweeg; om voorsiening te maak vir die intrek van en deregistrasie van lisensies; om voorsiening te maak vir bykomende elektrisiteit, nuwe opwekkingskapasiteit en elektrisiteitsinfrastruktuur; om voorsiening te maak vir die instelling, pligte, bevoegdhede en funksies van die Transmissiestelseloperateur MIS Bpk en oorgangsmaatreëls; om voorsiening te maak vir ’n oopmarkplatform wat mededingende elektrisiteitsverhandeling moontlik maak; om die pligte, bevoegdhede en funksies van die Transmissiestelseloperateur MIS Bpk aan die Nasionale Transmissiemaatskappy Suid-Afrika MIS Bpk toe te ken; om voorsiening te maak vir delegering en toewysing; om voorsiening te maak vir oortredings en strafmaatreëls; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Navrae sowel as skriftelike voorleggings kan per e-pos gerig word aan mnr Asgar A Bawa, Gekose Komitee oor Grondhervorming, Omgewing, Minerale Hulpbronne en Energie by ElectricityRegulationAmendmentBill@parliament.gov.za.

Die sluitingsdatum vir indienings is Maandag, 29 April 2024.

Afskrifte van die wetsontwerp kan verkry word by mnr A A Bawa by selfoonnommer 083 709 8530 of by www.parliament.gov.za.

**Uitgereik deur me T C Modise, LP, Voorsitter van die Gekose Komitee oor Grondhervorming, Omgewing, Minerale Hulpbronne en Energie**